*G.N. van den Bergh: Die Middeleeue, Butterworth, Durban, 1983.*

Met hierdie publikasie van prof. Gert van den Bergh van die P.U. vir C.H.O. is die Afrikaanse historiese literatuur verryk. Soos hy in sy voorwoord tereg opmerk, bestaan daar in Suid-Afrika, en in besonder by Afrikaanse universiteite, 'n negatiewe en somtyds selfs 'n afwysende houding teenoor die bestudering van die Middeleeue in Geskiedenisleerplanne. Dit word as te ver verwyderd, nie-aktueel en van beperkte historiese betekenis geag. Tog is die ontstaan van Middeleeuse Vereniging in die afgelope dekade 'n aanduiding dat die prentjie nie heeltemal só negatief is nie. Maar hierdie belangstelling kom meer van die tale as van Geskiedenis.

Die Middeleeue is skynbaar van vroeg af vir historici en ander akademici 'n probleem. Hoewel Christopher Cellarius aan die einde van die sewentiende eeu gekrediteer word as die skepper van die begrip Middeleeue, het die Italiaanse Humaniste reeds drie eeue vantevore van 'n middeleeue gepraat. Dit is hulle wat die beeld Lewe-Dood-Wedergeboorte op die geskiedenis toegepas het en die Middeleeue as 'n tydperk van doodsheid beskryf het. Met arrogansie het hulle hulle eie tyd as 'n wedergeboorte beskryf. Dit was Edward Gibbon, meer as enige ander skrywer, wat dié negatiewe beeld van die Middeleeue gepopulariseer het. In sy DECLINE AND FALL OF THE ROMAN EMPIRE het hy die Middeleeue as 'n tydperk van verval en agteruitgang beskryf — "The triumph of barbarism and religion." Milton het die ganse Middeleeue met 'n handgebaar weggevee as die verhaal van "battles of kites and crows," terwyl die Deken van Sint Paul's in sy beroemde lesings oor Rome onder die titel "The idea of Progress" na die Middeleeue verwys as "the longest and dreariest set-back that humanity has ever experienced within the historical period... a veritable glacial age of the spirit."

Van den Bergh se werk staan in skerp reaksie teen hierdie benadering. Hy neem sterk standpunt in teen die oorskatting van die Renaissance as dié rigtinggewende periode in die Europese beskawingsgeskiedenis. Dié dinge waarvoor die Renaissance verheerlik word — belangstelling in die klassieke studies, ontdekking van nuwe wêrelde, verset teen die gevestigde Kerk, die opkoms van handel, nywerheid en stede en 'n sterk ontluikende kuns- en kultuurwaardering — is in werklikheid sake wat lank vóór die vyftiende eeu juis in die Middeleeue begin ontluik. Sy standpunt dat die Afrikaner se Calvinistiese belangstelling in die Hervorming tot 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die Middeleeue as die "Roomse periode" gelei het, is waar. Van den Bergh het 'n

gebalanseerde waardering van die Middeleeue as 'n vormende periode vir die Renaissance, Hervorming en Moderne Europa. Hy begaan nie die fout van die groot entoesiaste van die Middeleeue soos H. Belloc nie. In sy EUROPE AND THE FAITH behandel Belloc alles vanaf die Hervorming as 'n katastrofe en 'n snelle agteruitgang van die beskawing. Vir hom is die Middeleeue die hoogtepunt in die Europese geskiedenis.

Van den Bergh se benadering van die Middeleeue is 'n nugtere een waarin hy die plek van Kerk en godsdiens teenoor die maatskaplik-ekonomiese lewensvorme en die bewaring, bewaking en beoefening van geleerdheid en die kunste in 'n getroue perspektief stel. Hoewel hy die romantici se waardering vir die Middeleeue en die Gotiese styl deel, skep hy nie hulle oorgeïdealiseerde beeld nie.

Die Westerse historiese wetenskap het vandag 'n ewewigtige waardering vir die Middeleeue as 'n belangrike tydperk in die Europese beskawingsgeskiedenis waarin die oorspronge en die vormgewing van baie dinge in Europa terug te vind is. Verskillende historici word deur verskillende aspekte van die Middeleeue geboei. Die Duitse skool (P.E. Schramm, G. Tellenbach, Carl Erdmann) het die klem op die geestesgeskiedenis geplaas. Ná 1945 het 'n jonger geslag o.l.v. Theodor Schieffer 'n groter belangstelling in die persoonlikhede van die Middeleeue ontwikkel en so nader beweeg aan die Britse skool, die sogr studies oor sakesiklusse, handelsroetes, stedelike lewenswyse, demografie en tegnologie. Die Franse skool (March Bloch, Robert Brauche, Robert Latauche, Georges Duby, Philippe Wolf) het hulle sedert 1945 weer op dieptestudies van bepaalde streke toegespits.

Van den Bergh se werk is geen interpretatiewe werk nie, maar 'n oorsigtelike beskrywing waarin hy aan al die fasette aandag gee. Daar is oorsig en diepgang in die werk en 'n mens word met baie kennis gekonfronteer wat deeglik, netjies en sistematies aangebied is. Maar die werk laat 'n mens sonder 'n sintese van die Middeleeue. Die wesensaard en die presiese plek en betekenis van die Middeleeue ontglip jou. Om 'n enkele voorbeeld te neem: hoe belangrik is die ekonomiese ontwikkelinge en veranderinge wat hy beskryf in 'n samelewing wat geen ekonomiese ingesteldheid gehad het nie?

Die Middeleeue word in skoolleerplanne net basies vermeld in st. 5 en 6. Ek bly van oordeel dat só 'n abstrakte en moeilike tydperk nie in die leerplan vir kinders van daardie ontwikkelingspeil tuishoort nie. Daarom bly dit vir onderwysers 'n probleem om vir kinders iets sinvols van die tydperk te leer. Van den Bergh se boek — eintlik die onderwerp — is te gevorderd vir gebruik in die skool. Tog is daar baie nuttige dinge wat die onderwyser wel kan doen. Die argitektuur, die kastele, die beoefening van die wetenskap, die kloosterwese en die ridderorders is sake waaroor die onderwyser vir die begaafde leerlinge interessante opdragte kan gee. Hoe het 'n ridder aangetrek? Wat was sy wapens? Hoe is die kastele gebou? Hoe lyk 'n Gotiese katedraal?, is almal eenvoudige opdragte wat uit die werk gedoen kan word.

*P.H. Kapp.*

*Case, S.L.: Explores, Early man, Modern China en Lewis, B.R.: Hitler and Nazi Germany (Almal in die reeks "Knowing world history"). Evans Brothers, London, 1981. Prys R5,50 elk.*

Hierdie is vier eksemplare van 'n uiters nuttige reeks publikasies van Evans vir die primêre en sekondêre skooljare. Die sogenaamnde "Knowing"-reeks bestaan uit publikasies wat fokus op die Antieke, die Britse Geskiedenis en wêreldgeskiedenis. Laasgenoemde bestaan uit die onderhawige vier publikasies en publikasies oor die Russiese Rewolusie, vroeë Afrika en die slawehandel.

Die publikasies lyk vir my uiters nutting — veral vir die kreatiewe onderwyser — daar is talle foto's, sketse, spotprente, tydkaarte en tabelle wat uiters nuttig gebruik kan word. Verder word sinvolle vrae aan die einde van die hoofstukke gestel. Aan die einde van elke publikasie is daar ook nog wenke vir die onderwyser, aangevul met 'n kort bibliografie. Dit is veral opmerklik dat die stimulusmateriaal uiters goed gekies is en dat die fotoafdrukke en sketse van 'n hoë gehalte is.

Die publikasie oor Hitler kan met groot vrug selfs deur matrikulante gebruik word.

Die "Knowing"-reeks behoort ten minste in elke skoolbiblioteek te pryk. Dit sal egter nog beter wees as van hierdie publikasies in Geskiedenisklaskamers beskikbaar is. Die tyd dat 'n goeie Geskiedenisonderwyser slegs een handboek gebruik is lank reeds verby. Die "Knowing"-reeks is 'n verdere spyker in die doodkis van swak Geskiedenisonderrig.

*M.H. Trümpelmann.*

## KREATIEWE GESKIEDENISONDERRIG

Die vernaamste doel van die opvoeding is die vorming van mense wat in staat is om nuwe dinge te doen, nie eenvoudig te herhaal wat ander geslagte gedoen het nie — mense wat kreatief, vindingryk en ontdekkend is. Die tweede doel is die vorming van mense wat krities kan wees, kan ondersoek en nie bloot alles aanvaar wat aangebied word nie. Die groot gevaar is om volgens slagspreuke, kollektiewe menings en pasgemaakte gedagtegange te leef.

Ons moet in staat wees omselfstandig weerstand te bied, te kritiseer en onderskeid te maak tussen dit wat wel bewys is en dit wat nie bewys is nie. Daarom het ons leerlinge nodig wat aktief is, wat vroeg geleer het om selfstandig te ondersoek — deels deur eie spontane aktiwiteit en deels deur materiaal wat ons vir hulle opstel.

— *(Jean Piaget).*